Nuus van die Omgewing

Die gebied het in 2011 deel van die groter Tshwane munisipale gebied geword. Tshwane is nou die derde grootste munisipale gebied in die wêreld en die grootste in Afrika.

Baie van die gebied se stelsels soos ons nooddienste word nou deur Tshwane hanteer.

Die gebied was op ŉ tyd erg getraumatiseer deur misdaad, maar nadat daar met die SAPD op hoë vlak samesprekings gevoer is, is die stasie se vermoë vergroot en was daar ook talle arrestasies. Die golf van misdaad het bedaar.

Tog bly daar steeds insidente wat van tyd tot tyd die situasie versuur.

Deel van die sukses wat verkry is kan ook toegeskryf word aan die gemeenskap se nou samewerking met die SAPD. In die opsig is die GPF ŉ waardevolle spreekbuis vir die gemeenskap en word die gemeenskap ook op die manier versterk.

Die gebied is ingedeel in ŉ aantal sektore. Elke sektor het ŉ radio netwerk waardeur mense kan inroep en probleme kan aanmeld. Patrollies maak hulle rondtes en die gebied het misdaad onvriendelik begin raak.

Veiligheid is nie net die verantwoordelikheid van die SAPD nie. Ons as gemeenskap het ŉ rol te speel. Die goeie samewerking en verhouding met die SAPD het beslis ŉ positiewe effek gehad.

Tans is die grootste kopseer, die van veld brande. Die gras is baie droog en die Augustus winde waai sterk. Daar is moedswillige inwoners wat nie voldoen aan die vereistes van die brandwet nie, en sommige ignoreer steeds die brand verbod.